# PROKUREURSEKSAMEN

**DEEL 3**
*PROKUREURSPRAKTYK*

20 FEBRUARIE 2020

09:00-11:15 Totaal: [100]

***Kandidate word 15 minute gegun om die vraestel deur te lees voordat hulle die vrae beantwoord. Geen kandidaat mag tydens hierdie tyd in die antwoordboek begin skryf nie. Die eksamen van 2 uur volg dan.***

1. Kandidate moet al die vrae beantwoord.

2. Kandidate moet daarop let dat punte vir goeie opstelwerk toegeken word.

3. Kandidate moet, soos nodig, hulle eie feite versin.

4. Skryf asseblief slegs in pen op die regterkantse bladsye.

5. Kandidate hoef nie ‘n mondeling af te lê as 50% of meer behaal is nie, behalwe in uitsonderlike omstandighede. Kandidate wat minder as 40% behaal, kwalifiseer nie vir ‘n mondeling nie en het in hierdie afdeling gedruip.

**VRAAG 1** **[10]**

1.1 Gee redes waarom dit soms verkieslik is om ‘n sake-onderneming deur ‘n regspersoon eerder as eenmansaak of vennootskap, te bedryf; (5)

1.2 Welke soort maatskappye kan ingevolge die nuwe Maatskappywet Nr. 71 van 2008 geregistreer word? (5)

**VRAAG 2** **[24]**

A leen ‘n bedrag van R200 000-00 by B wat in 60 gelyke maandelikse paaimente terugbetaal moet word. Stel ‘n volledige skuldbewys op. Laat weg klousules rakende die rentekoers, vervroegde terugbetaling en domisilie.

**VRAAG 3** **[5]**

Welke van die volgende bedrae sou by die berekening van aanwas tussen eggenote ingesluit word:

3.1 Groot inkomste wat die man verdien terwyl die vrou tuis bly om die huishouding te behartig; (1)

3.2 Geld wat die vrou verdien deur deeltydse kleremakery vir bure; (1)

3.3 Die man erf R20 000-00 uit sy pa se boedel; (1)

3.4 Die vrou ontvang R20 000-00 vergoeding vir algemene skade as gevolg van ‘n botsing; (1)

3.5 Die POF betaal die vrou R50 000-00 vir mediese uitgawes. (1)

**VRAAG 4** **[17]**

By welke tribunaal, forum of kantoor sou u en u kliënt verligting soek ten opsigte van die volgende:

4.1 ‘n Skadevergoedingseis vir R9 000-00. (1)

4.2 ‘n Bevel dat ‘n bepaling wat R100 000-00 raak, ongrondwetlik is; (2)

4.3 ‘n Eis om heraangestel te word na onregmatige ontslag; (2)

4.4 ‘n Onbillike berekening deur ‘n pensioenfonds van pensioenvoordele; (1)

4.5 Ondervraging van ‘n insolvent wat bates verberg; (2)

4.6 Om ‘n onderhoudsbevel van die Hoë Hof te wysig of af te dwing; (2)

4.7 ‘n Buitensporige fooi wat ‘n prokureur in ‘n strafsaak hef; (2)

4.8 Trustgelde wat skynbaar deur ‘n prokureur gesteel is; (3)

4.9 Verlies wat as gevolg van nalatigheid van ‘n prokureur gely word. (2)

**VRAAG 5** **[5]**

Voor die aanvang van 'n strafsaak waarin u die beskuldigde gaan verteenwoordig, vind u uit, dat die landdros die klaer se moeder is. Hoe sal u die betrokke gedragsreëls toepas en wat sal u doen as u nie slaag nie?

**VRAAG 6** **[20]**

U word geraadpleeg deur die Koper van 'n Kafee-onderneming. Hulle deel u mee dat hulle oor meeste van die bepalings ooreengekom het maar dat hulle onseker is welke voorsiening gemaak moet word a) ten einde die waarde van voorraad op hande op die oorname datum te bepaal, en b) dat die Verkoper nie 'n soortgelyke saak in die omgewing mag bedryf nie. Hulle vra u om klousules vir oorweging deur hulle op te stel om in die koopakte in te sluit oor hierdie twee aspekte wat billik is teenoor albei partye.

**VRAAG 7** **[9]**

U is nalatig en laat 'n eis vir skadevergoeding verjaar. Wat is die uitwerking van die verjaring? Wat adviseer u u kliënt en wat kan u doen aangaande u eie posisie?

**VRAAG 8** **[5]**

Op welke gronde is 'n prokureur geregtig om as prokureur te onttrek en 'n kliënt se mandaat te beëindig?

**VRAAG 9** **[5]**

In 'n siviele geding bevind die Hof dat in 'n motorbotsing u kliënt A, R100 000 skade gely het maar 50% nalatig was. Die verweerder se skade was R90 000 en nalatigheid ook 50%. Wat is die netto-effek en watter bevel ten aansien van koste sal gegee word?

---

**- DIE EINDE -**

---

LAW SOCIETY OF SOUTH AFRICA